

Woensdag Brief 15 Julie 2020
Gegroet vanuit pastorie

Die werklikheid is 'n objektiewe en subjektiewe beleving. Die werklikheid is ook 'n beleving tussen uiterstes. lewers tussen liefde en vrees beleef ons elke dag, maar dit kan net ervaar word deur die tasbare omgewing. Kan mens liefhê sonder om dit te koppel aan 'n iets fisies? Blykbaar vra die skepping dit wel van ons: God sê hy is liefde en jy moet hom liefhê! Al probeer om die Here te omhels? Liefde en vrees is sake van die hart – altyd subjektief. Dit is iets wat moet oorloop om beleef te word – soos 'n fontein. Dit maak van die lewe eintlik 'n oorlog tussen die produksie van emosies en dan die weggee daarvan. Die skepping is 'n lewens-industrie.

As mens dít hart toe vat kom die ontdekking van verskeidenheid. As alles dieselfde gaan word, dan sterf die mens. Veetelers weet dat nuwe gene ingebring moet word om vitaliteit te behou. Waar habitatte vernietig word, bly dikwels net een indringer oor wat vernietiging bevestig. As alle mensegroepe eenders was en ewe ryk en ewe slim en ewe alles sou dit 'n baie goeie teken wees van die eindtyd.

Dinamika en groei en ontwikkeling en vordering het alles te make met die beskikbaarheid van verskeidenheid. As alle wynkelders presies dieselfde wyn sou maak, sal mense net wyn koop om die werklikheid te probeer wegdrink. As almal se man of vrou en se kinders presies was soos al jou buurmense s'n, sou jy sekerlik meesal in die verkeerde bed en kombuis beland het. Dieselfde sou geld vir gelowe en kerke en gemeentes.

Die Skepper het hierdie werklikheid geskep met die noodwendigheid vir verskille, verskeidenheid, vreemdheide, nuwe dinge want anders het alles ingeplou. Dis waarom humanisme waar almal ewe arm en ewe behoeftig en ewe sukkelrig moet wees, so versmorend van liefde en vitaliteit is. Minderheidsgroepe is nodig en waar meerderhede oorneem om te heers, kry ons vernietiging. Waar verskeidenheid van kultuur en tradisie as nodig en interessant en aangenaam en onbedreig aanvaar word, is daar blom-tydperk wat uitspeel.

Eendersheid het ook 'n ander naam – vrees, nes verskeidenheid ook 'n ander naam het – liefde. Dit word so mooi in die ondertone en skaduwees verduidelik deur Nathan Trantraal in sy gedig 'Sing it wee, Boy' uit sy bundel Oolog:

*Die kêkbroes het gehou van getyg
van hoe die Heilige Gees hulle spraak
kom aanraakit, hulle Kaaps in
Standaardafrikaans omskep et.
Nourie dywel het sieke Boy se spraak
kom aanraak wan hy het gegaan vanaf
mooi Afrikaans praat na praat in
rympies en geheimpies.
As jy hom kry, sit hy inne hoek
innie jaat met sy blikguitar
en sing sy eie compositions
Sy favourite is
Dis die A en die B en die C oppe sad beat.*

Mooiloop tot volgende keer.